# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

## Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes kandidate:

- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes kandidate:

- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3** en **4** moes kandidate:

- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening** 3)
- inligting oor 'n aspek van die teks opsom (**Oefening** 4), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5 en 7** moes kandidate:

- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes kandidate:

- die toepaslike inligting in die teks identifiseer
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend beantwoord.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### *Oefening 1*

**Vraag 1**

Talle kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Hulle kon slegs "Dit is somer", "Die dae is langer of "Dit is vakansie" skryf. As hulle die teks se hele eerste sin neergeskryf het ("Met die langer somersdae wat nou met ons is, is die besoektye by die Twee Oseane Akwarium ook heelwat langer."), het hulle nie 'n punt gekry nie omdat hulle nie begrip getoon het nie. Slegs "Langer somersdae" het ook nie 'n punt verdien nie, want dit is nie 'n logiese antwoord op die vraag nie.



© 2016

**Vraag 2**

Die eerste prys was vir kandidate wat die akwarium met die strand/inkopies vergelyk het, byvoorbeeld: "Die akwarium is koeler as die strand" of "Die akwarium is koel en die strand is warm." Kandidate wat slegs "Koel" of "Warm" of "Rustig" of "Besig" geskryf het, het nie 'n punt gekry nie, want dit was nie duidelik wat hulle bedoel nie.

**Vraag 3**

Hier kon kandidate slegs "Poppekasvertonings" neerskryf.

**Vraag 4**

Talle kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**Vraag 5**

Kandidate wat "Jy kan saam met die haaie duik" geantwoord het, het die punt gekry. As hulle "Van dagkaartjies, duik saam met die haaie" geskryf het, het hulle die punt verbeur omdat dit nie begrip toon nie.

**Vraag 6**

Kandidate kon slegs "om die regte geskenk te kry" skryf. Kandidate wat die hele volgende sin uit die teks neergeskryf het, het nie 'n punt gekry nie: **"**Dit kan dalk net jou krisis om die regte geskenk te kry, oplos!"

**Vraag 7**

Hierdie vraag het aangedui watter kandidate fyn kan lees. Verskeie het die punt verbeur omdat hulle slegs "Telefoonnommer" in plaas van "Jou telefoonnommer" geskryf het.

**<u>Algemene kommentaar</u>**

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Kandidate moet herinner word dat hulle genoeg inligting moet verskaf. Hoewel hulle soms net een woord mag neerskryf, is die idee nie dat hulle telegramstyl gebruik nie.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Dit is onnodig en 'n vermorsing van tyd.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig, behalwe as dit net een woord is.

***Oefening 2***

- Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul.
- Alhoewel die meeste kandidate die skoolnaam korrek geskryf het, het sommige steeds "Hoërskool" sonder die deelteken of as twee woorde geskryf.
- Dit is verblydend dat baie min kandidate die adres verkeerd neergeskryf het. Slegs 'n paar het "Parkstraat" as twee woorde geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf.
- Kandidate moet gereeld herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.
- Die meeste kandidate het die foonnommer korrek neergeskryf. Slegs 'n paar het die landlynnommer in plaas van die selfoonnommer geskryf.
- Die meeste kandidate het die twee punte vir herwinning van papier/karton en glas/blikkies gekry.
- Die meeste kandidate het die punt vir "Botaniese Vereniging (van Suid-Afrika)" gekry.
- Heelwat kandidate het 'n punt verbeur toe hulle "Facebook-groepe" in plaas van "e-publikasies te lees" by "Ander" neergeskryf het.


© 2016

- By die laaste punt was die perfekte antwoord om “geen indringerplante in Suid-Afrika wees nie” te skryf. Hier moes die antwoord sinvol op “Daar moet” volg. Antwoorde soos “indringerplante bevry word” het nie ’n punt verdien nie omdat dit nie begrip toon of sinvol is nie.
- Wanneer kandidate inligting moet neerskryf, moet hulle ook onthou om dit namens die persoon wie se inligting gegee word, in te vul. Hulle moet byvoorbeeld nie sê “Tom lees e-publikasies” of “Hy dink ...” nie.

***Oefening 3***

Die kandidate wat goed gevaar het in hierdie oefening het doeltreffend verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is:

In **(a)** moes hulle redes gee wat die Gamkaskloof spesiaal maak – baie het wel een of twee punte behaal.

In **(b)** moes hulle aktiwiteite noem vir besoekers wat in Prins Albert se geskiedenis belangstel – party kandidate het nie die woord “geskiedenis” verstaan nie en dus nie punte behaal nie.

In **(c)** moes hulle aktiwiteite in en naby Prins Albert vir natuurliefhebbers noem. Party kandidate het hier nie na spesifieke aktiwiteite (soos stap, fietsry, sterrekyk, voëlkyk) verwys nie, maar aktiwiteite soos die spookstap en die standbeeldtuin genoem. Kandidate wat “voëlkykparadys” geskryf het, het ook nie ’n punt behaal nie omdat dit nie ’n aktiwiteit is nie en ook nie begrip toon nie.

**Algemene riglyne**

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: In **(a)** was dit byvoorbeeld nie voldoende om ’n enkele woord of twee per reël te skryf nie. ’n Antwoord soos “Die Hel” in plaas van “het die besondere naam Die Hel” is onvoldoende. In **(b)** en **(c)** was enkele woorde wel aanvaarbaar.
- Alle kandidate moet woorde soos “kenmerke”, “ooreenkomste” en “verskille” ken.

***Oefening 4***

Oor die algemene vind kandidate die opsomming steeds moeilik en begaan hoofsaaklik twee foute:

- Hulle lees nie die opdrag deeglik nie en maak dan ’n opsomming van die hele teks – heelwat kandidate het byvoorbeeld nie geskryf oor waarom Prins Albert ’n goeie bestemming is vir besoekers wat in kultuur belangstel nie. As hulle opsomming dan nie die vraag beantwoord nie, sal hulle geen punt verdien nie.
- Hulle skryf slegs ’n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neer. Kandidate wie se hele opsomming ’n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, gaan hoogstens een punt verdien. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)

Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

***Oefening 5***

Talle kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings gedek. Die meeste het ook onthou dat die maat vir ’n week by hulle kom kuier en nie voorheen in hulle stad of dorp was nie.

- Die kandidate wat die beste gevaar het, het ’n kort inleidende paragraaf geskryf, dan die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek, gevolg deur ’n kort slotparagraaf.
- Goeie briewe het die ontvanger direk aangespreek en is gekenmerk deur opgewonde toon.
- Kandidate word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Kandidate moet herinner word om aandag te gee aan die vorm van die skryfstuk. Sommige kandidate het in plaas van ’n brief ’n opstel geskryf, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punt het.
- Kandidate moet herinner word om in die geval van ’n brief met ’n aanhef te begin en hulle skryfstuk korrek af te sluit. Te veel kandidate begin hulle brief met “Dear Maat” (byvoorbeeld) of “Liewe” gevolg deur ’n dubbelpunt en dan ’n naam.


© 2016

Hulle moet herinner word dat hulle brief soos volg begin:

*Liewe Nicky* of *Beste Tom*

en soos volg afgesluit word:

Jou maat
Andy (sonder enige leestekens).

- Herinner die kandidate dat ’n reël na die aanhef oopgelaat word – die eerste paragraaf begin nie op dieselfde reël as die aanhef nie.
- Hierdie jaar was dit duidelik dat dringende aandag gegee moet word aan die skryf van sinne en die gebruik van hoofletters en punktuasie. Te veel kandidate skryf paragrawe van ses of agt reëls waar al die sinne in een lang sin saamloop.

**<u>Algemene riglyne:</u>**

- Herinner die kandidate dat die basiese vorm van die brief ook vir ’n e-pos geld – in ’n informele e-pos gebruik ’n mens presies dieselfde aanhef en slot as in ’n vriendskaplike brief.
- Alhoewel daar nie van kandidate verwag word om hulle adres regs bo te skryf nie, toon die kandidate wat dit wel doen dat min weet hoe ’n adres bo-aan ’n brief geskryf behoort te word. Dit is iets wat aandag in die klas kan ontvang.
- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ŉ bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie, en skryfstukke wat ver te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van die drie middelste paragrawe dien.
- Reëls moet tussen paragrawe oopgelaat word.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van ’n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor “want” en ‘maar’ en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van ŉ sin) gee. Dit is ook onaanvaarbaar om Engelse woorde en uitdrukkings te gebruik.

Algemene foute wat aandag verdien:

die skryf van sinne en die gebruik van volsinne
die gebruik van hoofletters
die gebruik van leestekens, veral punte en kommas
die verskil tussen “sal” en “wil”
die gebruik van “lyk” en “hou van”
die gebruik van “toe”, “dan” en “wanneer”
die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
die gebruik van “lewe”, “liewe”, “lief”, “lyf”
die gebruik van “so” in plaas van “dus”.

Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat kandidate behoort te ken:

opgewonde oor
sien uit na
gaan uit vir ete
kuier by iemand
kyk na ’n DVD
luister na musiek
verlang na iemand
stel belang in iets
gaan na ’n plek
bly by die huis
kwaad vir iemand
lief vir iets/iemand


© 2016

Afrikaanse plekname wat kandidate behoort te ken:

Suid-Afrika
Wieg van die Mensdom
Krugerwildtuin of Kruger Nasionale Park
Tafelberg
Kaapstad
Robbeneiland
Strandname soos Kampsbaai, Jeffreysbaai,
Name van besienswaardighede in hulle omgewing, soos dieretuin

***Oefening 6***

**Vraag 1**

Die meeste kandidate het hierdie punt behaal.

**Vraag 2**

Die beste antwoord was een waarin kandidate genoem het dat die Kanadese posdiens briewe gratis beantwoord, maar dat SantaSkype.com betaal moes word.

**Vraag 3**

Kandidate wat "'n Coca-Cola-advertensie" of "Hy het rooi klere in 'n Coca-Cola-advertensie gedra" geskryf het, het die punt gekry. Talle kandidate het die volgende woorde direk uit die teks neergeskryf, maar dan geen punt behaal nie omdat dit nie begrip toon nie: "want reeds in 1931 het 'n Coca-Cola-advertensie baie tot die populêre beeld van Vader Kersfees se rooi klere bygedra."

**Vraag 4**

Hierdie vraag is goed beantwoord hoewel te veel kandidate woordeliks uit die teks neergeskryf het.

**Vraag 5**

Dit was 'n uitdagende vraag waarin kandidate moes sê Xolani sê hy is bruin/donker en kom van die Suidpool anders as die wit Kersvader wat van die Noordpool kom. Een punt is toegeken as kandidate gesê het hy is 'n donker Kersvader.

**Vraag 6**

Kandidate wat net "kortbroek" of "groen en goud" geskryf het, het nie die punt gekry nie omdat dit nie die vraag sinvol beantwoord het nie. Hulle moes verduidelik – hy sou 'n kortbroek of koel klere wou dra en/of hy sou groen en goue kleure verkies. Dit is 'n voorbeeld van 'n vraag waar kandidate moet seker maak dat hulle antwoord werklik die vraag beantwoord.

**Vraag 7**

Hierdie vraag het insig vereis – kandidate moes noem dat die titel na Kersvader se verskillende name of verskillende voorkoms verwys of dat hy op baie verskillende plekke voorkom.

**<u>Algemene kommentaar</u>**

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsinantwoorde (alhoewel kandidate vir **Vraag 3** net "Coca-Cola-advertensie" kon skryf) waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.


© 2016

- Kandidate moet hard probeer om die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Een punt vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Moet verkieslik nie antwoorde met ’n voegwoord begin nie behalwe in ’n geval soos die volgende: Omdat die klimaat hier warm is, wil hy liewer koel klere dra.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.

***Oefening 7***

- Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor biblioteke heel goed uit te druk.
- ’n Redelik klein hoeveelheid kandidate het verkeerdelik slegs een van die ses uitsprake wat gegee is, as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, wat ’n negatiewe uitwerking op hul punte gehad het.
- ’n Aantal swakker kandidate het gedink biblioteke verwys na die Bybel.
- Ongelukkig het heelwat kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punte het. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in Oefening 5 nie.

**Algemene riglyne**

- Kandidate moet aangemoedig word om hulle eie mening oor die onderwerp reeds in die eerste paragraaf te stel en dan in die res van die opstel daarop uit te brei.
- Aandag moet aan paragraafverdeling gegee word.
- ’n Slotparagraaf wat die berig netjies afsluit, is baie belangrik.
- Die register moet by ’n koerantartikel pas.
- Let Wel: Laat reëls oop tussen paragrawe.


© 2016

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

**Algemene kommentaar**

Die kandidate moes luister vir inligting, maar moes ook gevolgtrekkings kon maak en die houding of mening van sprekers uit die teks kon aflei. Dit is bemoedigend dat ŉ groot aantal kandidate die praatjie en gesprekke waarna hulle moes luister, goed verstaan en gevolglik goeie punte behaal het. Uitmuntende kandidate het min vrae verkeerd beantwoord en sommige het volpunte behaal.

Nadat hulle na elkeen van die vier tekste geluister het, was daar ŉ pouse waartydens antwoorde ingeskryf kon word. Daarna is die oefening herhaal sodat kandidate nog ŉ keer goed na die teks kon luister, veral vir antwoorde waarvan hulle nie seker was nie.

Dit is belangrik dat die kandidate nie eers die antwoorde met potlood op die vraestel moet inskryf en dan later bo-oor skryf met ink nie, aangesien die potloodskrif steeds wys op die geskandeerde skrifte wat elektronies nagesien word. Op die rekenaarskerm is sulke antwoorde dan meestal onleesbaar.

Kandidate moet seker maak dat hulle nie per ongeluk ŉ vraag onbeantwoord laat deur nie ŉ blokkie te merk in **Oefening 1** en **Oefening 2** nie. Kandidate moet ook seker maak dat hulle nie vergeet om een van die regmerkies duidelik dood te trek of baie goed uit te vee as hulle dalk van besluit verander oor ŉ antwoord nie.

Daar was ŉ groot aantal kandidate wat gesproke Afrikaans nie goed genoeg verstaan nie. Talle verstaan min omdat hulle waarskynlik minimale blootstelling aan die taal kry en hulle woordeskat baie beperk is. Wat hulle hoor, is dan net ŉ aantal onbekende, opeenvolgende spraakklanke wat soms ook veroorsaak dat hulle twee woorde as een woord hoor omdat daar nie ŉ duidelike pouse tussen die woorde van die spreker gehoor word nie. In ŉ geskrewe teks kan ŉ mens die aparte woorde sien en word leestekens gebruik wat dit meer verstaanbaar maak en pouses aandui. In **Oefening 3** en **Oefening 4** skryf kandidate wat probleme ondervind, dikwels as antwoord letters of klanke neer wat hulle dink hulle gehoor het, maar wat slegs ŉ kombinasie van betekenislose spraakklanke is – woorde wat nie bestaan nie, byvoorbeeld:

- *"byvlooi*" vir bywoon en ŉ "*kalms te was"* i.p.v. ŉ kans te waag en *"kou eer"* vir goue uur.

Daar word nie punte toegeken as Engelse woorde as antwoord gegee word nie.

Wanneer dit duidelik is dat ŉ kandidaat die vraag verstaan het en die korrekte inligting in die antwoord gee, is hy of sy nie vir die taal- en spelfoute gepenaliseer nie, maar die woorde moet herkenbaar wees. Tog moet hulle probeer om die volgende foute wat baie dikwels voorkom, uit te skakel:

Dit is duidelik dat basiese kennis oor die gebruik van voornaamwoorde oor die algemeen moet verbeter.

- Die voornaamwoorde "ek" en "my" is dikwels verkeerdelik in die eerste persoon in antwoorde gebruik as die antwoord moet verwys na wat een van die sprekers in die gesprek sê, bv. "my dertiende verjaardag" of "ek moet kies tussen skoene en ŉ ete" in plaas van "sy" (derde persoon manlik) dertiende verjaardag en "sy" (derde persoon vroulik) moet kies tussen skoene en ŉ ete.
- "André was dertien jaar oud toe sy hy kamera gekry het." Korrek: toe hy sy kamera gekry het.
- "Sy" ma gee vir "hom" geld. (Alicia, ŉ vrouestem se woorde). Korrek: Haar ma gee vir haar geld as Alicia se woorde in die antwoord oorvertel word.

As gevolg van onvoldoende kennis van Afrikaanse klankleer en spelling maak talle kandidate spelfoute omdat hulle nie kan onderskei tussen die volgende vokaalklanke in woorde nie:

- ei-, y-, ui- en u-klanke in woorde, "maak ŉ lys", nie ŉ "luis" nie en "pruis*"* i.p.v. prys.


© 2016

- ie- en ei in woorde: “iet(s”) word gebruik i.p.v. eet en “tein” i.p.v. tien
- goeie en goue.
- Die woord uur of ure is baie dikwels verkeerd gespel, byvoorbeeld as “eier, eie en eeu”.

Kennis van redes vir die gebruik van skryftekens is ook beperk. Dit is duidelik dat talle kandidate nie weet wat die funksie van hierdie tekens is nie, bv. waarom daar ŉ kappie is op die uitgerekte, lang -e in ŉ woord soos “belê” (**Oefening 4**) en dat dit nie nodig is op die -e in die woord “klere” nie. Hulle moet ook verstaan waarom ŉ deelteken nie gebruik word op die -e in die woord eet nie. Hierdie riglyne kan geleer en toegepas word.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1: Vrae 1–6**

Daar is nie veel probleme ondervind met hierdie waar- en onwaar-vrae nie omdat die kandidate slegs tussen twee moontlikhede moes kies. Hierdie eerste oefening van die vraestel het minder bevoegde kandidate ŉ kans gegee om ŉ aantal punte te verdien.

**Oefening 2: Vrae 7–11**

Sommige kandidate het in hierdie oefening klei getrap, maar baie ander het volpunte behaal. Hierdie gesprek het spesifieke inligting bevat wat die sprekers genoem het, byvoorbeeld wat Diana gedoen het en kenmerke van die stad Venesië. Die kandidate moes dus fyn en aandagtig luister om die regte antwoorde uit die vier afleiers te kies, bv. vir **Vraag 7** moes hulle hoor dat slegs van twee lande, Frankryk en Italië, melding gemaak word; dus is die antwoord “meer as een land” die enigste korrekte wat ŉ mens vir seker aflei uit die gesprek.

By vraag 11 word nie gesê dat “kosbare kunswerke” reeds onder die see verdwyn het nie; dus is A nie die korrekte antwoord nie.

**Oefening 3: Vrae 12–18**

Vir hierdie oefening moes die kandidate self die antwoorde inskryf, wat moeiliker is as om net regmerkies te maak. Die meeste het vraag 12 korrek gehad, maar dit was duidelik uit sommige antwoorde dat daar kandidate was wat nie die woord “ouderdom” verstaan nie omdat hul antwoorde bv. was “by die skool” of “sy pa”.

ŉ Groot aantal leerders het “kommunikasie” wat een van die antwoorde vir **Vraag 15** was, korrek gehad, maar talle het dit verkeerd gespel. Dit is ŉ basiese spelriglyn dat die letter c baie min in Afrikaanse woorde gebruik word. Baie het die opeenvolgende woorde “kommunikasie” en “voltooi”: gehoor en toe “kommunikasie voltooi” as antwoord geskryf, in plaas van net “kommunikasie”.

**Oefening 4: Vrae 19–27**

Die laaste oefening is die mees veeleisende en die vrae vereis ook langer antwoorde; daarom het kandidate wat gesproke Afrikaans nie goed verstaan nie, swak gevaar, al is die onderwerp waaroor die gesprek gaan aktueel. Die kandidate ken meestal nie die woord “rente” nie. Talle het “red” gehoor en geskryf.

Party kandidate ken ook nie die woord “fles” (**Vraag 22**) nie en het dit verwar met die Engelse woord *less*.

By **Vraag 24** kon die antwoord nie wees dit is “te duur” nie, maar dat dit te duur is as jy uitwerk dit sal jou elke keer dat jy dit dra meer as R10,00 kos. Dit is wat die finansiële raadgewer vir Alicia sê.


© 2016

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

## Key message

In order to do well in this examination, candidates should:

- be ready to engage in a spontaneous discussion on the selected topic.

## General comments

Examiners are commended for putting the candidates at ease and prompting them with appropriate questions, which led to good responses and interesting conversations.

The recordings were generally of a good standard. All recordings were clearly labelled and CDs and memory sticks were appropriately packed in covers and padded envelopes to protect them in transit.

The marking was carried out to a satisfactory standard. Mark sheets were included as instructed and the timing of the tests followed the format specified in the syllabus.

## Comments on specific questions

### Topic Conversation

Several topics were covered in this part of the test and most candidates were able to express themselves naturally and spontaneously. Better candidates took their cue from the bullet points on the card and expanded into related areas of specific interest to them.

Most of the candidates were confident and gave relevant explanations and answers to questions without much hesitation.



© 2016